

e-Hou Koers April 2019

'n Terugblik op die afgelope vakansie se kampe

Danie Langner

Die afgelope vakansie het duisende Voortrekkers regoor Suid-Afrika gekamp. Ek was bevoorreg om saam met Corlia Botha (Adjunkhoofleier: Organisasie) en Elizma Smith (Adjunkhoofleier: Penkoppe en Drawwertjies) Voortrekkerkampe in Gauteng, Noordwes en Limpopo te besoek. Dit was om die minste te sê 'n positiewe en inspirerende belewenis.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/n-terugblik-op-die-afgelope-vakansie-se-kampe/>

Ononderbroke diens op Lunsklip

Danie Langner

Dit was 'n voorreg om saam met Lunsklip se buitegroep hulle 55ste verjaarsdag te vier en Janie van Heerden geluk te wens met 40 jaar se ononderbroke diens op Lunsklip. Janie is lankal meer as die kampsekretaresse van Lunsklip. Sy is die historiese geheue, tradisiebewaarder, bevestigter van kontinuïteit en kampma van elke kind. Janie, veertig jaar ononderbroke diens is 'n uitsonderlike getuigskrif van liefde en toewyding. Dankie daarvoor!



Doornkloof 80 jaar

Willie Engelbrecht

Gedurende 2019 vier Die Voortrekkers Vrystaat, Doornkloof 80 jaar in die besit van die gebied. Tydens die spesiale feesgeleentheid het die Doornkloof saluut ook deur die kloof weerklink met 8 tradisionele sweepslae. Dawie Crause was verantwoordelik vir die saluut.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/doornkloof-80-jaar/>

Drome word aangevuur by Hoëveld 2019

Jaconette de Kock

Met 'n jaar wat alreeds met 'n galop begin het, het ook Hoëveld PD-kamp 2019 vroegoggend op Woensdag 27 Maart 2019 aangebreek. Die kampraad was slag gereed om die busse en voertuie vol opgewonde kinders te ontvang en met oom Kennie se heerlike voete-jeuk musiek in die agtergrond, is die tente sommer gou in gelid opgeslaan. Vinnig het gesoute Hoëvelders en nuwe gesiggies beide hulle voete en nessie vir die 5 dae gevind en teen die tyd wat die kampopening aangebreek het, was die kamp al 'n miernes van bedrywighede.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/drome-word-aangevuur-by-hoeveld-2019/>

Jakaranda 2019 – reik na die sterre

Annemaré de Kock

'n Volle 35! Dis hoeveel Jakaranda-gebiedskampe daar al plaasgevind het. Die kamp het sommer op 'n lekkkkkerrrr noot begin. Tydens registrasie was daar 'n vuurpyl vol fizzers en 'n stukkie verjaarsdagkoek vir elkeen – want dit neem baie energie om tent op te slaan.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/jakaranda-2019-reik-na-die-sterre/>

Kompetisiekamp te Doornkloof

Willie Engelbrecht

Tydens die afgelope Maartvakansie het graad 9-Voortrekkers van regoor die Vrystaat en selfs uit die verre Transvaal saam gekamp. Tydens dié kamp word verskeie kompetisies aangebied en kompeteer spanne teen mekaar om die beste geriewe (tafel, stoof, koelkas en dreineringsput) te bou en ook om die beste kokke vir die jaar te wees.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/kompetisiekamp-te-doornkloof/>

Een aand in 'n woonstel op Witvinger

deur Janie van Heerden

Lunsklip is vanjaar 58 jaar oud en die oudste Voortrekkerkamp wat jaarliks op dieselfde terrein plaasvind. Boonop spog die kamp met 'n besondere Verkennergroep wat reeds vir 55 jaar 'n unieke veldervaring in 'n natuurreserveaat het. Die Buitegroep (BG), is 'n groep Matriekverkenners wat sonder volwasse toesig, sonder tente, slaapsakke of kos deur die veld stap, daar slaap, veldkos soek en avontuuraktiwiteite doen. Vanjaar is hierdie unieke ervaring, onbepland, na die volgende vlak geneem.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/een-aand-in-n-woonstel-op-witvinger/>

Medemenskamp op Boknes

Riana Breytenbach

Vanjaar was weereens 'n lekker kamp waar ons kon speel en leer. Die wonderlike voorreg wat ons het om op die ongeskonde strand van Boknes te kamp, bly 'n wonderlike voorreg. Om God se skepping so te kan beleef, kan in geen woorde beskryf word nie, en daar kan mens werklik na aan ons Skepper leef.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/medemenskamp-op-boknes/>

NPD 2019

Henk Lottering

Weereens was vanjaar se kamp te Westfalia-landgoed naby Tzaneen 'n uitsonderlike kamp vir een en elkeen. Dankie aan die hoofbestuur vir die tyd wat hulle en Kuifie ingeruim het ons kamp te besoek. En nou is, om HL Danie Langner se woorde te gebruik, die besbewaarde geheim in Die Voortrekkers nou uit.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/npd-2019/>

Parys vier 85 jaar

Parys Voortrekkers het op 6 April met 'n stylvolle, lekker kuier- en spogfunksie, en heerlike spitbraai feestelik hulle 85ste verjaarsdag gevier. Sedert 1934 lê hulle kultuurspore diep getrap langs die oevers van die Vaalrivier.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/parys-vier-85-jaar/>

Reddingsboei vir dapperheid

Seugnet van Zyl

Meer as 50 jaar nadat 'n dapper seun sy pa se lewe tydens 'n skibootongeluk in Mosambiek gered het, is die Reddingsboei vir dapperheid-toekenning aan Herman Steyn op 6 April oorhandig. Dié toekenning vir dapperheid word in Die Voortrekkers slegs oorhandig aan 'n lid wat sy eie lewe in gevaar gestel het om die lewe van 'n ander persoon te red.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/reddingsboei-vir-dapperheid/>

Rhus Keeti het die X-faktor

Esther Visser

Rhus Keeti Avontuurkamp 2019, se tema was nie verniet “X-faktor” nie. Elke besoeker getuig dat Rhus Keeti dit verseker met die pas afgelope gebiedskamp van 23-30 Maart 2019 gehad het.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/rhus-keeti-het-die-x-faktor/>

SPDW 2019 #Kontreikoerant

Leonie Steenberg

SPDW – Sentraal Penkop en Drawwertjie Waterwerkkamp is die mees sentrale waterwerkkamp van Die Voortrekkers tydens die Maart/April-skoolvakansie – **elke jaar**. Op die oewer van die grootte Vaaldam het ons vanjaar die voorreg gehad om die grootste kamp op hierdie terrein ooit aan te bied.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/spdw-2019-kontreikoerant/>

Thabakamp – gee die pas aan in 2019

deur Willie Wagner

Op 24 Maart 2019 het bykans 300 Voortrekkers, ook bekend as Thabaniete – weer saamgetrek in die skadu van die Langberg, kort anderkant Brits. Van regoor die vier noordelike provinsies, en ook uit die Vrystaat, het Thabaniete huis toe gekom om weer die kamp van tradisies, seremonies en emosie te beleef.



Skakel: <https://voortrekkers.co.za/thabakamp-gee-die-pas-aan-in-2019/>

Bakenkamp

Jorina Minnie

Matriek is gewis 'n dol jaar, en die PV-proses dra by tot wat reeds 'n stresvolle en uitdagende jaar is. So, wat maak 'n (matriek) Trekker vêr op haar of sy Verkennerloopbaan as dinge moeilik raak? Gaan kamp saam met vriende. Geniet die natuur, gesels oor alles wat saak maak en werk hard om voorbereid te wees vir die uitdagings wat kom, natuurlik.

Skakel: <https://voortrekkers.co.za/bakenkamp/>